®

Grootkaliber Skietoefening.

Hierdie skietoefening het ten doel om skuts se vaardigheid met jaggewere in kalibers van 9.3x62mm(.366") en groter tydens skietkompetisies te toets. 'n Buffel wat storm word gesimuleer en die skote moet in 'n baie kort tyd geskiet word. Die teiken is 'n spesiaal ontwerpte Buffelteiken wat sowat driekwart van ware grootte is.

Reëls:

Minimum kaliber: **9.3x62mm(9.3 mm = .366")**
Minimum koeëlgewig: **285gr**
Minimum trompsnelheid vir 285gr tot 300gr koeëlgewigte: **2200ft/s**
Verminderde ladings met rewolwerkruit en watte is nie toelaatbaar nie, die ammunisie wat gebruik word moet in lyn met standaard fabrieks-ammunisie wees.
Trompremme is nie toelaatbaar nie aangesien dit 'n baie slegte effek op die naburige skuts tydens 'n kompetisie het.
Geen steun of geweerbande mag by enige van die oefeninge gebruik word nie.

1. Vanaf 50m word een toepassingskoot uit die staande posisie na die hart geskiet. 20 sekondes word toegelaat nadat al die skuts gereed verklaar het. Gereed beteken 'n gelaaide geweer wat 45 grade na die grond wys.

2. Daarna word 2 rondtes op die bevel van die baanoffisier gelaai. Twee skote word uit die staande posisie vanaf 50m na die hart/ long-area geskiet. Die tydsbeperking is **10** sekondes wat begin nadat al die skuts gereed verklaar het. Gereed beteken 'n gelaaide geweer wat 45 grade na die grond wys. Enige skut wat 'n skoot na die tydsbeperking skiet, sal sy hoogste teller verbeur.

3. Vanaf 25m word 3 skote uit die staande posisie geskiet. Een skoot moet na die hart/ long-area geskiet word, en twee skote na die kop (brein). Die tydsbeperking is **12** sekondes wat begin nadat al die skuts gereed verklaar het. Gereed beteken 'n gelaaide geweer wat 45 grade na die grond wys. Enige skut wat 'n skoot na die tydsbeperking skiet, sal sy hoogste teller verbeur.

4. Die oefening tel uit 30 punte. Elke skut moet dus in totaal 2 skote na die brein, en 4 skote na die hart/ long-area skiet. Indien daar meer as die gespesifiseerde aantal skote in die kop(brein) of hart telarea is, verloor die skut die hoogste teller in díe area waar daar te veel skote is.

5. Enige skoot wat die buffel buite die tel-area raak, tel minus een (-1) punte.

6. Daar moet in totaal ses 6 skote op die teiken wees. Indien daar minder as 6 skote gevind word, verloor die skut minus een (-1) punt vir elke vermiste skoot.

7. Indien daar meer as 6 skote op die teiken gevind word en daar is nie vermiste skote by naburige teikens nie, verloor die skut sy hoogste tellers totdat daar 6 skote oorbly.

8. Slegs die eerste poging van 'n skut kwalifiseer vir tellingregistrasie doeleindes.

9. 'n Goue balkie word verdien indien 'n skut 24 punte (80%) of meer tydens 'n kompetisie behaal.

10. 'n Silwer balkie word verdien indien 'n skut 21 punte (70%) of meer tydens 'n kompetisie behaal.

11. 'n Brons balkie word verdien indien 'n skut 18 punte (60%) of meer tydens 'n kompetisie behaal



(Teikengrootte: WxH = 1000 x 750mm. Die buffelprent is ongeveer ¾ werklike grootte. Die lyne op die teiken is dun rooi lyne wat nie op'n afstand sigbaar is nie. Die punte tellings word nie op die teiken gedruk nie).

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Sentrale/bokant hart	85 x 85	57	36%
Hart	125 x 165	160	--
Sentrale long	177 x 232	320	200%
Groter long	232 x 305	550	340%
Sentrale brein	75 x 63	36	22%
Brein/boonste nek werwel	120 x 104	92	57%